Uitstalruimte

- ✓ 'n Uitstalruimte van 3mx3m word aan u toegeken· Bring asseblief u eie gazebo, rakke en/of staanders, tafels ens· Tafels is te huur teen R120 elk en stoele teen R50 'n stoel· Indien u 'n kragpunt verlang, kan dit aangelê word teen 'n addisionele fooi van R200· Elektrisiteit is slegs vir ligte en nie uitstaldoeleindes nie· 1A per stalletjie word toegelaat·

Rekeningnaam	**2Tekkie1**
Bank	**ABSA**
Tipe rekening	**Tjek**
Tak	**Vereeniging**
Rekeningnommer	**4079903362**
Takkode	**630137**

Let op! Die rekeningnommer het verander en is nie dieselfde as verlede jaar nie·

- ✓ Tye beloop as volg:
  Vrydag vanaf 16:00-20:00 (uitpak vanaf 09:00)
  Saterdag vanaf 09:00-20:00
- ✓ Hou asseblief by die bogenoemde tye· Die laaste kunstenaar sing tot 22:00, maar u is welkom om langer oop te bly·
- ✓ Indien u klaar uitgepak is moet u motor uit die arena verwyder word· Toegelate parkering is by Huis Erfenis beskikbaar (Koshuis naaste aan die treinspoor)· Elke uitstaller word voorsien van twee ingangskaartjies en een parkeerpermit·

Sekuriteit

- ✓ Die organiseerder kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of verliese wat u as uitstaller mag ly nie· U word daarom versoek om die vrywaringsdeel op die registrasievorm te voltooi·
- ✓ Sekuriteit is tydens die fees aan diens, asook deur die nag·
- ✓ Indien u produkte wil stoor, kan ons 'n klas aan u beskikbaar stel·

Reklame en bemarking

- ✓ Goeie reklame en bemarking word gedoen insluitend radio, spesifiek op VCR 90·6, twee webblaaie, www·vgim·co·za en www·tekkiefees·co·za, straatplakkate en koerantadvertensies· Die skool se "Facebook"-blad sal ook die nuutste inligting deurgee·